Saterdag **24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 19:17-27**

**Fokusgedeelte: Johannes 19:19, 22**

## “Wat ek geskryf het, het ek geskryf”

Johannes se weergawe van die kruisgebeure bly uniek in die sin dat wat die ander evangelieskrywers aanteken, het hy weggelaat en weer ander detail weergegee sodat die plasings meer fyner besonderhede na vore bring.

So het die Sinoptiese Evangelies net gemeld dat hulle (die soldate) ’n sekere Simon van Sirene beveel het om Jesus se kruis te dra, waardeur die indruk kan ontstaan dat Jesus nie self sy kruis gedra het nie. Maar Johannes meld pertinent dat Jesus SELF sy kruis gedra het. Eers later op weg na Golgota het Simon oorgeneem.

’n Ander mededeling handel oor die kennisgewing bo Jesus aan die kruis. Tot nou toe het Pilatus as’t ware ’n neerlaag gely teen die, vir hom, gehate Jode. Maar kom dit by die uitspraak rakende Jesus se veroordeling, wys Pilatus hulle ’n punt.

Volgens die Romeinse gebruik het die veroordeelde op pad na sy kruisiging ’n bordjie met die misdaad daarop geskrywe, om sy nek of deur ’n boodskapper voor hom gedra – waarna die bordjie dan op die kruispaal aangebring is.

Pilatus laat skryf, en Johannes gee weereens die mees volledige weergawe: “Jesus, die Nasarener, die koning van die Jode.” Hierdeur is dit ’n geweldige klap van vernedering in die gesig van die streng nasionalistiese Jode, naamlik dat hulle koning gekruisig word. Verdere bespotting is dat hierdie koning afkomstig is vanaf die veragtelike Nasaret.

Daarom, by hulle aandrang om dit te verander, het Pilatus onversetlik gehou by sy besluit en so onwetend die waarheid verdedig teenoor die leuen van die Jode. Hiermee handel hy nie net as wraaksugtige oorwinnaar nie, maar ook as instrument in God se hand. As Koning is Jesus gekruisig, deur sy eie mense verwerp, maar aan die ganse wêreld in die openbaar aangekondig en ten toon gestel.

*Sing: Skrifberyming 2-2:1, 3*

*Ds. JE (Blok) Franck (Ladysmith/Harrismith)*